# Graad 4-6

Druk afdeling

Gesels saam
GRAAD 4-6

## WELKOM

Berei vooraf twee roetes voor om by die vertrek in te kom. Gebruik springtoue, kleefband of stoele – enigiets wat tot jou beskikking is. Een van die roetes moet reguit ingaan. Die ander roete moet met 'n ompad by die vertrek inkom. Laat die jongmense kies met watter roete hulle by die vertrek wil inkom.

Gesels saam:

- Watter roete was moeilik en watter een was maklik?
- Watter roete sal jy kies as jy vinnig by die vertrek wil inkom? Hoekom?

*Opsioneel:* Luister of sing "One way" deur Hillsong Kids saam (dit is op YouTube beskikbaar).

## WONDER

Lees Johannes 14:1-14 saam.

Gesels saam:

- Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (v 9)?
- Jesus sê dat Hy "die weg en die waarheid en die lewe" is (v 6). Wat dink julle beteken dit?
- Dink julle "die lewe" waarvan Jesus praat, is net vir eendag of kan ons dit vandag al beleef? Hoekom sê julle so?

## WEES

Gee vir elke jongmens 'n paar klein stukkies papier. Vra vir hulle om uitdagings wat hulle of hulle vriende al ervaar het of wat hulle al in stories gesien het, neer te skryf (elkeen op 'n aparte papiertjie).

Gee dan vir elke jongmens 'n afskrif vir die hulpmiddel "Padtekens". Verduidelik vir die groep dat die padtekens hulle kan help onthou dat Jesus die weg en die waarheid en die lewe is. Laat hulle die uitdagings wat hulle neergeskryf het langs die padtekens plak wat hulle moontlik met hulle uitdagings kan help.

## WEGSTUUR

Moedig die jongmense aan om die padtekengids iewers op te plak waar hulle dit elke dag kan sien. Wanneer hulle uitdagings ervaar, kan hulle na die padtekens kyk en onthou dat hulle na God toe kan gaan met hulle uitdagings.